Noodsaaklike behoeftes en luukses*

Siyavula Uploaders

This work is produced by OpenStax-CNX and licensed under the
Creative Commons Attribution License 3.0†

1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

2 Graad 4

3 HOE MENSE 'N BESTAAN VOER

4 Module 1

5 NOODSAAKLIKE BEHOEFTES EN LUUKSES



Figure 1

*Version 1.1: Jun 19, 2009 4:01 am +0000
†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

5.1 Aktiwiteit 1

5.2 Om noodsaaklike lewensmiddele te identifiseer [LU 1.1]

(a) Jy reis per vliegtuig oor Noord-Afrika en die vliegtuig ontwikkel probleme met sy motore. 'n Noodlanding word uitgevoer. Die vliegtuig kom teen 'n hoë sandduin tot stilstand in die middel van die Sahara-woestyn. Niemand is ernstig beseer nie, maar al die passasiers en bemanning besef onmiddellik dat hulle deeglik sal moet beplan om te kan oorleef op die lewensmiddele wat hulle aan boord het.

Veronderstel jy en jou maats was onder die passasiers. Maak 'n lys van die lewensmiddele wat julle sal benodig ten einde 'n paar dae te kan oorleef in die woestyn:

.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....

5.3 Aktiwiteit 2

5.4 Om luukshede te identifiseer [LU 1.1]

Julle het so pas gekyk na daardie dinge wat ons van dag tot dag nodig het om te kan oorleef. Dit is ons **noodsaaklike behoeftes** en vorm maar 'n klein deel van die dinge wat ons daagliks aankoop.

As jou ma jou egter sou toelaat om na die plaaslike groot winkelsentrum te gaan met R200 sakgeld, sal jou lys van items waarin jy belangstel beslis heelwat anders daar uitsien.

(a) Kan jy miskien 'n paar dinge noem wat jy met jou geld sal koop?

.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....

Hierdie lysie is voorbeelde van **luukshede**. Dit is nie noodwendig artikels wat jy nodig het om te kan oorleef nie. Nee, dit is sommer lekker bederfgoed.

5.5 Aktiwiteit 3

5.6 Om bewus te word van die verskil tussen noodsaaklikhede en luukshede [LU 1.1]

5.7 (c)Sorteer die volgende lys artikels volgens die gegewe tabel:

drafskoene
polshorlosie
1 liter melk
tandeborsel
platformsandale
goue oorbelle
hoofpynpille
skaatsplank
haarsjampoe
trui
huis
nuwe motor
water
lekkergoed
swembad

Noodsaaklike behoeftes	Luukshede
1.	1.
2.	2.
3.	3.
4.	4.
5.	5.
6.	6.
7.	7.
8.	8.
9.	9.
10.	10.
11.	11.
12.	12.

Table 1

5.8 (d)Groepwerk

Jy beoefen sport na skool en jou ma gee vir jou R10 om iets by die snoepwinkel te koop na die oefening. Die volgende is moontlike opsies:
vrugtesap R2,50
roomys R4,50
pakkie lekkers R2,00
aartappelskyfies R2,50

2 suigstokkies R1,00
3 koekies R1,00

6 Is die items wat julle gekies het, basiese behoeftes? Sou jy daarsonder kon oorleef?

Dink jy die mens sal tevrede wees, indien daar elke dag net in sy/haar noodsaaklike behoeftes voorsien word? Waarom?

6.1 Aktiwiteit 4

6.2 Om noodsaaklike daaglikse artikels te identifiseer [LU 1.1]

6.3 (e)Maak 'n lys van noodsaaklike artikels waarsonder jy nie een dag in jou lewe kan klaarkom nie:

.....
.....
.....
.....
.....

Alle mense se behoeftes is nie dieselfde nie. So kry ons byvoorbeeld die Khoi en San wat onder totaal ander omstandighede as die moderne mens leef. Probeer nou saam met jou maat 'n lys van 'n San- of Khoi-gesin se basiese behoeftes saamstel.



Figure 2

6.4 Assessering

6.5 LEERUITKOMS 1: DIE EKONOMIESE KRINGLOOP

Die leerder is in staat om kennis en begrip van die ekonomiese kringloop binne die konteks van "die ekonomiese probleem" te toon.

6.5.1 Assesseringstandaard

Dis duidelik wanneer die leerder:

- die rol van lede van huishoudings beskryf as verbruikers en produsente in die proses van "behoefte-bevrediging".

6.6 Memorandum

Bladsy 1
(a) Die leerder moet kan onderskei tussen noodsaaklike behoeftes en luukses aan die hand van 'n skets waarin 'n noodgeval uitgebeeld word.
Bladsy 2

(a) 'n Bekende situasie word gebruik om te illustreer dat die mens daarna streef om veel meer as net basiese behoeftes te bevredig.

Bladsy 3

(a) Alledaagse artikels word geklassifiseer as noodsaaklike behoeftes of luukses.

Bladsy 4

(a) Die leerder identifiseer die noodsaaklike artikels in sy/haar daaglikse bestaan.

Bladsy 4
(e) Tref 'n vergelyking tussen dit wat ons as basiese behoeftes beskou, en die basiese behoeftes van die Khoina.